KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED
✉ Posbus / PO Box 86, Upington, 8800
Epos / e-mail: grandville@klk.co.za
☎ 054-337 6200

Registrasie / Registration: 1997/015589/06
Karakoelstraat 14 / Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za
🖷 086-540 7800

MEMORANDUM 28/02/2025

AAN: KLK DIREKSIE; PERSONEEL & OUDITEURE

VAN: MAATSKAPPY SEKRETARIS: G MARQUARD

INSAKE: GESLOTE PERIODE – AANDELE VERHANDELING

Ingevolge KLK Landbou Beperk se aandele verhandelingsprosedures en protokol, word die “geslote tydperk” vir verhandeling van u KLK-aandele nou aangekondig.

Hierdie “geslote tydperk” strek vanaf 28 Februarie 2025 tot 12 Junie 2025 en word opgehef na publikasie van die finansiële resultate soos deur die Raad goedgekeur en gepubliseer of beskikbaar gestel aan die aandeelhouers. Gedurende hierdie periode mag die persone hierna genoem glad nie KLK aandele koop of verkoop nie.

Die “geslote tydperk” vir verhandeling is op die volgende persone, wat insluit familielede en enige ander regspersoon waarin sodanige persoon of familielid ‘n belang het, van toepassing:

- Direkteure en lede van direksie komitees en uitvoerende komitees van KLK Landbou Beperk en elkeen van sy filiale;
- Bestuur, groepsekretarisse, rekeningkundige personeel, en ander werknemers wat van tyd tot tyd geïdentifiseer mag word;
- Sekretaresses van al die voorgaande persone;
- Alle ander werknemers van die groep wat deelneem aan die maatskappy se aandele aansporingskema;
- Enige werknemer waarna hierbo verwys is wat aftree, maar wat voortgaan om op ’n kontraktuele basis in ’n soortgelyke posisie vir die maatskappy op te tree of wat soortgelyke pligte uitvoer as voor sy aftrede;

Aangesien die verbod ook “indirekte” verhandeling dek, het dit betrekking op alle aandeletransaksies wat aangegaan word deur geaffekteerde werknemers en lede van hulle gesinne oor wie se aangeleenthede hulle beheer of besluitnemingsmag het, of maatskappye, beslote korporasies, vennootskappe, trust, ens waaroor geaffekteerde werknemers beheer of besluitnemingsmag het.

DIREKTEURE / DIRECTORS :
JS Marais (Voorsitter/Chairman), F Strydom (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), D Bester, C du Plessis (Besturend/Managing), AJ de Haast, CR Klingenberg, VJ Klein, JPT Koen (Finansiële/Financial), AR Kotzé, JDM Minnaar, GC Olivier

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.